NELSON MANDELA BAY EDUCATION

# Nelson Mandela Baai Onderwys

## Graad 6: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

## Junie 2025

Punte: 50

Tyd: 15 minute lees

1 ½ uur skryf

Naam en Van: ____________________

Skool Naam: ____________________

EKSAMINATORS: P. SMITH, C.B. DANIELS, M. WESTRAADT, Y. DE JAGER

Hierdie vraestel bestaan uit 12 blaaie en die volgende afdelings:

| AFDELINGS | BL. NO. | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **LEES VAN VRAESTEL** | | | **15 MIN** |
| AFDELING A: | | | |
| **Vraag 1:** LEESBEGRIP | 1 - 4 | _____ / 20 | 45 MIN |
| **Vraag 2:** VISUELE TEKS | 5 – 6 | _____ / 10 | |
| AFDELING B: | | | |
| **Vraag 3:** OPSOMMING | 7 – 8 | _____ / 5 | 45 MIN |
| **Vraag 4:** TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES | 9 – 11 | _____ / 15 | |
| | TOTAAL: | _____ / 50 | |

**INSTRUKSIES:**

1. Lees die vrae en tekste aandagtig deur voordat jy begin antwoorde skryf.
2. Skryf die antwoorde in die spasies wat voorsien word by elke vraag.
3. Beantwoord **ALLE VRAE**.
4. Skryf jou antwoorde met 'n **BLOU** of **SWART** pen.
5. Netjiese skrif sal waardeer word en tot jou voordeel wees.

Powered by CamScanner

VRAAG 1: LEESBEGRIP

Lees die volgende storie en beantwoord die vrae wat daarna volg:

## AH, DIE STRAND!

1. Sandy trek haar pienk sandale uit en hardloop oor die vuurwarm sand. Sy tip tone die yskoue water in, giggelend soos die golwe oor haar knieë breek. Sy is soos 'n vis in die water. Sy kyk terug na die bloedrooi sambreel en waai vir haar ma. Haar ma glimlag vir haar en waai met twee vingers vir haar. Sy hou 'n perske vas in een hand en 'n bottel lemonade in die ander hand.

2. 'n Groot golf breek oor Sandy en vee haar voete onder haar uit. Onverwags beland sy in die water. Sy probeer skree, maar sy sluk 'n mondvol water. Sy weet nie waar op of af is nie. Terwyl sy so deur die golwe maal, raak haar hand aan iets slymerig in die water. Sy sluk borrels en probeer hard om te swem.


3. Die golf trek terug en los Sandy op die nat, growwerige sand. Sandy hoes en proes en vee haar oë, terwyl sy sukkel om op te staan. Sand het binne in haar swemklere in gekom en dit krap haar vel.

4. Sy kyk terug na haar ma wat vinnig nader kom. Daar is 'n bekommerde frons op haar gesig wat die sonbril nie kan wegsteek nie.

5. Sandy hardloop terug na die sambreel toe, oor die warm sand. Sy ruik soos die see en sand. Sy vat haar ma se groot warm hand in haar kleiner, koue hand.

6. "Kom speel saam met my in die golwe mamma. Dit is die beste vakansie ooit!"

(248 woorde)



**WOORDBANK**

| AFR. | ENG. | AFR. | ENG. |
|---|---|---|---|
| **onder die water** | *under the water* | **gevoel** | *felt (feel)* |
| **bekommerd** | *worried* | **gebeur** | *happen / happend* |
| **erger** | *worse* | **wat dink jy** | *what do you think* |
| **wat het veroorsaak** | *what caused* | **verduidelik hoekom** | *explain why* |

**Beantwoord die volgende vrae:**

1.1) Watter woord in die opskrif dui aan dat die skrywer dit geniet om op die strand te wees?

______________________________________________ (1)

1.2) *Onderstreep die korrekte antwoord:*
Hoe het Sandy gevoel toe sy in die see ingeloop het?

a) Skrikkerig
b) Opgewonde
c) Bekommerd (1)

1.3) Wat het veroorsaak dat sy in die water beland het?

______________________________________________ (1)

1.4) Vind 'n woord uit die storie wat vir ons sê dat die sand baie warm was?

______________________________________________ (1)

1.5) Wat was die verskil tussen Sandy se hand en haar ma se hand? (Noem een verskil)

______________________________________________ (1)

1.6) *Kies en onderstreep die korrekte antwoord tussen hakies:*

Die golwe breek oor Sandy se (bene/knieë) toe sy inloop. (1)

1.7) Dink jy Sandy was bang toe sy onder die water beland het? Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.8) Vind 'n idioom in die leesstuk en verduidelik wat dit beteken?

______________________________________________ (1)



Powered by CamScanner

1.9) Waarom is die volgende stelling waar? Sandy was nie bang om weer in die water in te gaan nie? Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.10) Sandy se ma was bekommerd toe sy skielik onder die water beland het. Hoekom dink jy was sy bekommerd?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.11) Hoe het jy gevoel toe Sandy onder die water was en nie kon skree nie? Hoekom?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.12) Hoekom het Sandy se ma vir haar met twee vingers gewaai?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.13) Wat dink jy was die slymerige ding waaraan Sandy se hand geraak het in die water?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.14) Watter deel van die storie het jy die meeste geniet?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.15) Die storie kon baie erger gewees het. Wat dink jy kon met Sandy gebeur het?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.16) Hoe het Sandy geruik nadat sy uit die water gekom het?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.17) Watter sin sê vir ons Sandy het die vakansie geniet?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.18) Wat beteken: “vee haar voete onder haar uit”?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)



Powered by CamScanner

1.19) Dink aan 'n meer gepaste Titel vir die storie.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.20) Soek 'n voorbeeld van Intensiewe vorm in die eerste paragraaf.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

VRAAG 1 TOTAAL: 20 PUNTE



Powered by CamScanner

VRAAG 2: VISUELE TEKS 10 PUNTE

Kyk na die volgende advertensie en beantwoord die vrae wat daarna volg:

**SONDAGSRIVIER SE JAARLIKSE VISVANGKOMPETISIE**

**Koeldrank te koop vir slegs R10**





**Worsrolle vir slegs R30**

Sondagsrivier

**"Slegs een byt en die vissie is vas aan jou lyn."**


**Die hele familie is welkom om die dag langs die rivier te geniet.**



**Die persoon wat die grootste vis vang wen 'n splinternuwe visstok!**



**<u>Geniet die dag langs die rustige Sondagsrivier.</u>**



- **Datum: Saterdag, 26 April 2025**
- **Tyd: 07:00 – 19:00**
- **Plek: Sondagsrivier Boothuis, Colchester**
- **Inskrywingsgeld: R20 vir kinders R50 vir volwassenes.**
- **Inskrywings: Colchester Spar: Vrydag, 25 April 2025 tussen 14:00 en 20:00.**
- **Pryse: Alle deelnemers ontvang 'n gratis sonhoed en 'n botteltjie koeldrank.**
- **Die persoon wat die grootste vis vang, kry 'n nuwe visstok!**

2.1) Watter kompetisie word geadverteer?

____________________________________________________ (1)

2.2) *Onderstreep die korrekte antwoord:*
Watter tipe teks is hierdie?

a) koerantberig
b) storie
c) fabel
d) advertensie (1)

2.3) Op watter datum vind die kompetisie plaas?

____________________________________________________ (1)

2.4) *Onderstreep die korrekte antwoord:*
Wie is die teikenmark volgens die teks?

a) onderwyser
b) brandweerman
c) polisieman
d) visserman (1)

2.5) Kies die korrekte antwoord.
Wat sal mens in die rivier kan vang? 'n (Bok / leeu / perdjie / visse).

____________________________________________________ (1)

2.6) Wat kan jy aflei van die titel? Wat is die doel van die advertensie?

____________________________________________________ (1)

2.7) Dink jy, jy het 'n (bal / fiets / skaatsplank / visstok) nodig om aan die kompetisie deel te neem?

____________________________________________________ (1)

2.8) *Vul die ontbrekende woord in:*

Deur die ____________________vis te vang kan jy die kans staan om 'n nuwe visstok te wen. (1)

2.9) Sal jy aan die visvangkompetisie deelneem? Ja of nee en verduidelik jou antwoord.

____________________________________________________

____________________________________________________ (1)

2.10) Sal jy die seuntjie of die dogtertjie in die advertensie wil wees? Verduidelik jou antwoord.

____________________________________________________

____________________________________________________ (1)

VRAAG 2 TOTAAL: 10 PUNTE



Powered by CS CamScanner

VRAAG 3: OPSOMMING 5 PUNTE

Lees die verkorte weergawe van die storie:

## AH, DIE STRAND!

1. Sandy trek haar pienk sandale uit en hardloop oor die warm sand. Sy giggel toe die koue see oor haar knieë spoel. Sy waai vir haar ma onder die bloedrooi sambreel. Haar ma glimlag en waai terug, 'n perske en 'n bottel lemonade in haar hande.

2. Skielik tref 'n groot golf vir Sandy en gooi haar om. Sy sluk water, spartel en raak iets slymerig aan. Sy weet nie waar bo of onder is nie. Uiteindelik spoel die golf haar uit op die growwe sand. Sy hoes en vee haar oë terwyl sand haar vel krap.


3. Haar ma hardloop angstig nader. Sandy spring op en hardloop terug sambreel toe. Sy ruik na sout en sand. Sy vat haar ma se hand.

4. "Kom speel saam met my in die golwe, mamma. Dit is die beste vakansie ooit!"

(Verkort tot 140 woorde)

***INSTRUKSIES:***

- *Skryf **vyf sinne** om die belangrikste dinge wat met Sandy gebeur het by die strand, op te som.*
- *Gebruik jou **eie woorde** so ver as moontlik.*
- ***Moenie meer as 50 woorde** in totaal skryf nie.*
- *Jou opsomming moet in **volsinne** geskryf wees.*
- ***Moenie onbelangrike besonderhede** insluit nie.*
- *Jy mag **punktuasie gebruik** om sinne te verbeter (soos punte of kommas).*
- ***Nommer jou sinne van 1 tot 5.***
- *Dui aan hoeveel woorde jy gebruik het aan die einde.*
- *Hierdie vraag tel **5 punte** (1 punt per sin).*
- *Skryf jou opsomming op die volgende bladsy.*



**SKRYF JOU OPSOMMING HIER:**

(5)

VRAAG 3 TOTAAL: 5 PUNTE

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE & KONVENSIES 15 PUNTE

Lees die storie **"Ah, die Strand!"** weer en beantwoord die volgende vrae.

## AH, DIE STRAND!

1. Sandy trek haar pienk sandale uit en hardloop oor die vuurwarm sand. Sy tip tone die yskoue water in, giggelend soos die golwe oor haar knieë breek. Sy is soos 'n vis in die water. Sy kyk terug na die bloedrooi sambreel en waai vir haar ma. Haar ma glimlag vir haar en waai met twee vingers vir haar. Sy hou 'n perske vas in een hand en 'n bottel lemonade in die ander hand.

2. 'n Groot golf breek oor Sandy en vee haar voete onder haar uit. Onverwags beland sy in die water. Sy probeer skree, maar sy sluk 'n mondvol water. Sy weet nie waar op of af is nie. Terwyl sy so deur die golwe maal, raak haar hand aan iets slymerig in die water. Sy sluk borrels en probeer hard om te swem.

3. Die golf trek terug en los Sandy op die nat, growwerige sand. Sandy hoes en proes en vee haar oë, terwyl sy sukkel om op te staan. Sand het binne in haar swemklere in gekom en dit krap haar vel.

4. Sy kyk terug na haar ma wat vinnig nader kom. Daar is 'n bekommerde frons op haar gesig wat die sonbril nie kan wegsteek nie.

5. Sandy hardloop terug na die sambreel toe, oor die warm sand. Sy ruik soos die see en sand. Sy vat haar ma se groot warm hand in haar kleiner, koue hand.

6. "Kom speel saam met my in die golwe mamma. Dit is die beste vakansie ooit!"

(248 woorde)

**Beantwoord die volgende vrae:**

4.1) Gee die stamwoord van "hardloop" in paragraaf een (1) en gebruik dit in 'n ander sin.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

4.2) *Lees die vrae en onderstreep die korrekte antwoord:*

*In paragraaf twee (2) lees ons: "Onverwags beland sy in die water".*

4.2.2) Wat is die voorvoegsel in die woord "onverwags"?

a) on-

b) ver-

c) -wags (1)

4.2.3) Wat beteken die voorvoegsel in die woord "onverwags" ?

a) nie

b) nee

c) saam

d) geen (1)



Powered by CamScanner

4.3) *Onderstreep die byvoeglike naamwoord in die volgende sin:*

Dit is die beste vakansie ooit! (1)

4.4) Watter idioom in die teks beskryf hoe gemaklik Sandy gewoonlik in die water is?

____________________________________________ (1)

4.5) Wat beteken die idioom waarna verwys word in vraag 4.4?

____________________________________________

____________________________________________ (1)

4.6) *Lees die vraag en onderstreep die korrekte antwoord:*

*In die teks staan geskryf "sand het binne in haar swemklere gekom en dit krap haar vel". Die woord "krap" kan ook verwys na 'n klein seediertjie met knypers.*

Wat noem ons 'n woord wat dieselfde gespel word, maar verskillende betekenisse het?

a) homoniem

b) sinoniem

c) antoniem

d) homofoon (1)

4.7) *Skryf die volgende sin oor in verlede tyd en daarna in toekomende tyd:*

*"Dit is die beste vakansie ooit."*

4.7.1) Verlede tyd:

____________________________________________

____________________________________________ (1)

4.7.2) Toekomende tyd:

____________________________________________

____________________________________________ (1)

4.8) *Lees die onderstaande sin en vraag. Onderstreep dan die korrekte antwoord:*

*"Sy ruik soos die see en sand." (paragraaf 5)*

Watter tipe sin is dit?

a) vraagsin

b) stelsin

c) bevelsin (1)



Powered by CamScanner

4.9) Gee die meervoud vir die woord "hand" in paragraaf twee (2).

______________________________________________________________________ (1)

4.10) Gee die verkleining/verkleinwoord van die woord "sambreel" in paragraaf een (1).

______________________________________________________________________ (1)

4.11) *Onderstreep die woord wat drie lettergrepe het in die sin hieronder:*


Sy hou 'n perske vas in een hand en 'n bottel lemonade in die ander hand. (1)

4.12) *Onderstreep die lidwoord in die sin hieronder:*

'n Groot golf breek oor Sandy se bene en vee haar voete onder haar uit. (1)

4.13) *Onderstreep die korrekte antwoord:*
Watter woord van die volgende woorde sal eerste kom in alfabetiese volgorde?

a) sambreel
b) sand
c) see (1)



VRAAG 4 TOTAAL: 15 PUNTE

VRAESTEL TOTAAL: 50 PUNTE



Powered by CamScanner